RPO
Nasionaal
National

Tel: (+27) 12 349 1102
Faks/Fax: (+27) 12 349 1054
E-pos/E-mail: rpo@lantic.net
Quinton Brandstraat 2 Quinton Brand Street
Eulophia Corner, PERSEQUOR PARK 0020
Posbus/PO Box 132
PERSEQUOR PARK 0020

Die Rasbestuurder

**RPO INTERRAS SLAGLAM- EN KARKASKAMPIOENSKAP : ALFA 2020**

Hiermee wil die RPO u hartlik uitnooi om u ras in te skryf vir die RPO interras slaglam- en karkaskompioenskap vir ALFA 2020.

Hiermee ‘n kort opsomming van die voorwaardes verbonde aan die kompetisie.

U kleinveeras word uitgenooi om telers van dié ras aan te moedig om **vier suiwer slagdiere** vir die slaglam kompetisie in te skryf. Inskrywings vind onder die vaandel van die betrokke rasgenootskap plaas. Genootskappe moet self die rassuiwerheid van die diere bevestig. Diere hoef nie geregistreer te wees nie, maar dit mag nie kruisings wees nie.

Sernick, die abattoir-borg, sal die lammers **7 September ontvang** en slag en Samic sal die karkas evaluerings doen. Die suiwer lammers in ’n ras wat die beste vaar, verteenwoordig dan daardie ras in ’n interrasbeoordeling wat uiteindelik **die interrasslaglamwenner** (enkelkarkas) en groep van vier sal aandui.

Die wenners sal aangewys word op die ALFA/Samic slagvee webinaar in Oktober 2020.

Vriendelike groete

**GERHARD SCHUTTE**

**<u>HOOFUITVOERENDE BEAMPTE</u>**